

# Saterdag 27 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 22:1-16  
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Levitikus 22:1,  
2; Filippense 4:18b-20 (1983-  
vertaling)

## **Gee en bedien offergawes tot eer van God**

Die boek Levitikus lei gelowiges tydens die Ou Verbond om heilig te lewe tot eer van hulle God. Hoe leef mens heilig? Doen met liefde presies wat God vra!

In Levitikus 22 word voorskrifte aan die priesters gegee oor hoe om met die offers wat die volk vir God bring, te handel. Daar was verskillende soorte offers: brand-, graan-, dankoffers, ensovoorts. Nou moet ons nie dink hierdie voorskrifte aan die priesters (Leviete) destyds, het nie vandag op ons betrekking nie. Ons dien immers vandag ook as priesters van God (Rom. 15:16; 1 Pet. 2:9; Op. 1:6). Priesters van die Nuwe Verbond. Die ou Levitiese offer-rituele geld nie meer nie, want dis deur Christus volbring. Maar dieselfde beginsels vir die bring van ons dankoffers en hoe daarmee gehandel word, geld steeds (Art. 25 NGB).

Die volgende drie beginsels word aangedui in hoofstuk 22:1. Die priester wat die offeraar bystaan, moet rein wees (vs 3). Wat 'n priester onrein maak, word vermeld in verse 4 tot 6a. 'n Priester kan homself weer reinig deur te bad en 'n dag te onttrek van diens (vs 6b en 7). 2. 'n Priester mag nie onrein offers aan die Here bring nie. Onrein offers word in vers 8 genoem. 3. Onbevoegde persone mag nie van die gewyde offers eet nie. Die beskrywing van onbevoegde persone word beskryf in verse 10 tot 16. Paulus beskryf die gemeente van Filippense se hulp aan hom as 'n offer aan die Here, met 'n lieflike geur, wat vir God aanneemlik en welgevallig is (Fil. 4:18b-20).

*Sing: Skrifberyming 1-2:2*

*Dr. NP Heystek (Klasie) (Emeritus)*